higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KANTOORDATAPROSESSERING
NKR VLAK 2

(3061022)

7 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.

108Q1N2207

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel moet op rekenaar met 'n woordverwerkings- en sigbladprogram voltooi word. Die weergawe van die MS Office Suite wat vir die eksamen gebruik word, moet op die dekblad van die kandidaat se EKSAMENOMSLAG geskryf word.

2. Beantwoord al die vrae.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Om hierdie vraestel binne die vasgestelde tyd te voltooi, is dit belangrik dat die kandidate by die TYDTOEWYSING vir elke vraag hou.

6. Alle DRUKSTUKKE wat nagesien moet word, moet in die EKSAMENOMSLAG wat deur die toesighouers verskaf is, geplaas word. Slegs EEN DRUKSTUK (die boonste een) per vraag/onderafdeling wat op slegs EEN kant van die bladsy gedruk is, sal nagesien word.

7. DRUKSTUKKE moet korrek en in dieselfde volgorde as die vrae in die vraestel in die EKSAMENOMSLAG gerangskik word.

8. Verseker dat jou EKSAMENNOMMER en VRAAGNOMMER op elke bladsy gedruk is, ongeag die aantal bladsye, volgens die instruksies wat by elke vraag gegee is (kopskrif/voetskrif).

9. DRUKSTUKKE met handgeskrewe EKSAMENNOMMERS sal slegs vir nasien oorweeg word indien dit met die toesighouer se handtekening bevestig is.

10. Let op die volgende oor die VRAESTEL:

    10.1 Gebruik deurgaans LINKSbelyning vir alle antwoorde tensy anders aangedui is.

    10.2 Gebruik KANTRUIMTES (bo, onder, links en regs) van 1”/2.5 cm tensy anders aangedui is.

    10.3 Gebruik enkelreëlafstand indien geen ander reëlafstand aangedui is nie.

    10.4 Gebruik lettertipe en -grootte COURIER NEW 12 pt vir die woordverwerking en ARIAL/CALIBRI 12 pt vir die sigblaaie, tensy anders aangedui is.

Kopiereg voorbehou

11. Tydens die bykomende druktyd mag kandidate slegs drukopdragte uitvoer. Geen verdere insleutelwerk of redigering mag gedoen word nie. Daar word aanbeveel dat bykomende toesighouers wat met rekenaars vertroud is tydens die bykomende 30 minute druktyd toesig hou om bykomende hulp en beheer te bied.

12. In die geval van 'n kragonderbreking of 'n rekenaar- of drukkerweiering moet die toesighouer die nodige reëlings tref vir die kandidaat om voort te gaan en die werklike tyd wat verlore gegaan het, moet vir die kandidaat bygevoeg word sodra hy/sy weer begin werk.

13. Indien daar 'n probleem met bepaalde drukkers is, bv. dat dit nie ê druk nie, moet 'n verslag saam met die sentrum se DRUKSTUKKE ingedien word.

14. 'n Kandidaat mag 'n tikliniaal, 'n woordeboek en 'n lys ASCI-kodes by hom/haar hê. Woordverwerkingsjablone mag gebruik word, asook die speltoetsfunksie.

15. Aan die einde van die eksamen moet alle DRUKSTUKKE wat nagesien moet word in die EKSAMENOMSLAG geplaas en aan die toesighouer oorhandig word. Alle DRUKSTUKKE waarop foute voorkom en wat nie nagesien moet word nie, moet ook aan die toesighouer oorhandig word. Geen DRUKSTUKKE mag onder enige omstandighede uit die EKSAMENLOKAAL verwyder of in die snippermandjies geplaas word nie.

16. Alle werk op die rekenaar moet gereeld gestoor word om verlies van werk tydens 'n kragonderbreking te verhoed. Geen bykomende tyd sal toegelaat word om sodanige verlore werk in te haal nie. Dit is die kandidate se verantwoordelikheid om hul antwoorde te beskerm deur gereeld te stoor ten einde verlies van werk te voorkom.

17. Aan die einde van die eksamensessie moet elke kandidaat die DRUKSTUKKE sowel as die SKYF (of ander bergingstoestel wat gebruik is) met die gestoorde antwoorde (behoorlik met die kandidaat se EKSAMENNOMMER op die voorblad gemerk) inlewer. Indien 'n netwerk gebruik is, moet die netwerkbediener, onder toesig van die toesighouers, 'n rugsteunkopie van al die kandidate se werk maak. (Hierdie diskette en/of rugsteunkopieë, byvoorbeeld CD's, moet vir veilige bewaring van EEN jaar aan die eksamenafdeling van die kampus oorhandig word ingeval die eksaminator/moderator/superintendente van onderwys en/of Umalusi navrae daaroor mag rig.)

18. Die hardeskyf van die rekenaar (C:-aandrywing) mag nie gebruik word om die dokumente te stoor indien ander groepe dieselfde eksamenlokaal in meer as een sessie gebruik nie. Indien dieselfde lokaal vir verskillende groepe gebruik word, moet die hardeskyfaandrywer van die rekenaars nagegaan en skoongemaak word voordat die volgende groep met die eksamensessie begin.

19. GEEN kandidaat mag sy/haar werk vir 'n ander kandidaat druk, sy/haar disket aan 'n ander kandidaat beskikbaar maak of tot 'n ander kandidaat se werk oor die netwerk toegang verkry nie. Enige poging om toegang tot 'n ander kandidaat se inligting te bekom of om inligting aan 'n ander kandidaat oor te dra, op watter manier ook al, is 'n oortreding van die eksamenreëls en -regulasies en sal in 'n baie ernstige lig beskou word.

Kopiereg voorbehou

20. **HOE OM 'N SKERMDRUM VAN 'N DIALOOGKASSIE TE MAAK:**

Volg hierdie instruksies om die nodige dialoogkassie te kopieer wanneer die beantwoording van 'n vraag die gebruik van die skermdrukfunksie vereis:

- Druk die *Print Screen*-sleutel in die boonste ry van die sleutelbord (aan die regterkant van die F12-funksiesleutel).
- Minimeer daardie skerm en maak die ANTWOORDBLAD of skoon bladsy oop wat vir die antwoord nodig is.
- Plaas die loper in die posisie waar die antwoord ingevoeg moet word.
- Druk CTRL+V op die sleutelbord; of klik die *Paste*-ikoon op die standaard nutsbalk.

Die skermdruk of prent sal in die loperposisie verskyn.

21. **SPESIFIEKE INSTRUKSIES MET BETREKKING TOT DIE TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS: (VRAAG 1)**

21.1 Die kandidate moet toegelaat word om die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS ten minste DRIE minute voor die begin van die eksamen deur te lees.

21.2 Al die kandidate moet met die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS begin. Geen kandidaat mag toegelaat word om binne die eerste 10 minute met enige ander vraag te begin nie.

21.3 Die toesighouer moet 'n stophorlosie gebruik om die presiese tyd vir die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS (VRAAG 1) te hou.

21.4 VRAAG 1 (TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS) mag slegs een keer gedoen word en moet onmiddellik gedruk word nadat die TIEN minute verstryk het. Elke TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS moet na die laaste gedrukte woord onderteken word. Die DRUKSTUK sal teruggehou en aan die einde van eksamen, in sy/haar teenwoordigheid, in die kandidaat se EKSAMENOMSLAG geplaas word.

21.5 'n Kandidaat wat laat aankom (d.i. tydens en/of na die eerste TIEN minute) sal nie bykomende tyd vir die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS toegelaat word nie. Die kandidaat sal onmiddellik moet begin en terselfdertyd as die ander kandidate eindig, of indien die tyd verstreke is, sal hy/sy die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS inboet.

Kopiereg voorbehou

KANTOORDATAPROSESSERING
VLAK 2

TYD:	**3 uur (insleuteltyd)**
BYKOMEND:	**½ uur (30 minute ekstra vir drukwerk)**
PUNTE:	**300**

DATAPROSESSERING		**TOEGEKENDE TYD**	**PUNTE**
VRAAG 1	TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS	**10 minute**	**20**
VRAAG 2	REKENAARBEGRIPPE EN LÊERBESTUUR	**25 minute**	**40**
VRAAG 3	OMSENDBRIEF	**40 minute**	**60**
VRAAG 4	PARAGRAWE	**25 minute**	**40**
VRAAG 5	WOORDVERWERKING	**40 minute**	**70**
VRAAG 6	SIGBLAD	**40 minute**	**70**
	TOTAAL	**180 minute 3 UUR** (30 minute ekstra vir drukwerk)	**300**

Jy is die Senior Administratiewe Klerk vir VEGANISTE EDMS. BPK. en is in beheer van alle administratiewe sake. Daar word van jou verwag om dokumentasie voor te berei wat in die besigheid gebruik word.

VRAAG 1: TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS

DOKUMENT:	TYDNOUKEURIG-HEIDSTOETS Sleutel slegs een keer in	**LETTERTIPE:** **KANTRUIMTES:** Links:	Courier New 12 1”/2.54 cm 1”/2.54 cm
REËLAFSTAND:	1.5 of 2 (Dubbel)	Regs:	
PAPIER:	A4-portret	**BELYNING:**	Links/Af
TYDTOEWYSING:	10 minute	**WOORDBREKING:**	Af
PUNTE:	20		

INSTRUKSIES:

1. Al die studente moet die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS voltooi.

2. As 'n kopskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER en VRAAGNOMMER soos volg teen die linkerkantruimte in:

   EKSAMENNOMMER
   VRAAG 1

3. Die minimum spoedvereiste is 25 woorde per minuut.

4. Die duur van die TYDNOUKEURINGHEIDSTOETS is 10 minute. Jy moet onmiddellik op die toesighouer se instruksie begin en eindig.

5. Druk VRAAG 1 onmiddellik op die toesighouers se instruksie en slegs die eerste drukstuk sal aanvaar word – geen ander kopieë sal vir nasien aanvaar word nie.

6. Stoor die dokument as VRAAG 1.

7. Druk die dokument en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

Kopiereg voorbehou

Vegetariese diëte is blykbaar sedert so vroeg as 700 v.C. in omloop. Verskeie tipes bestaan, en individue mag dit vir 'n verskeidenheid redes volg. Dit sluit gesondheid, etiek, omgewingsbewustheid en geloof in. Veganistiese diëte het meer onlangs verskyn, maar het sedertdien 'n groot hoeveelheid aandag in die pers geniet. In hierdie artikel kyk ons na die ooreenkomste en verskille tussen die twee diëte. Ons bespreek ook hoedat dit jou gesondheid en die omgewing kan beïnvloed. Volgens die Veganiste-vereniging, is 'n vegetariër iemand wat nie enige vleis, pluimvee, wild, vis, skulpvis of neweprodukte van diereslagting eet nie. Vegetariese diëte bevat verskeie vlakke van vrugte, groente, grane, peulgewasse, neute en sade.

Die insluiting van suiwel, heuning en eiers hang af van die tipe dieet wat jy volg. Die algemeenste tipes vegetariërs sluit in: vegetariërs wat alle vleis van diere vermy, maar wat wel suiwel- en eierprodukte gebruik, vegetariërs wat vleis van diere en eiers vermy, maar wat suiwelprodukte gebruik, vegetariërs wat alle diereprodukte behalwe eiers vermy en vegetariërs wat alle diereprodukte en produkte wat van diere afkomstig is, vermy. Mense wat nie vleis of pluimvee nie, maar wel vis eet, word pesketariërs genoem, terwyl deeltydse vegetariërs dikwels fleksitariërs genoem word. Hoewel hulle somtyds as vegetariërs beskou word, eet pesketariërs en fleksitariërs nie enige vleis van diere nie. Hulle val dus tegnies gesproke nie onder die definisie van vegetarisme nie.

25 wpm

In Westerse lande het die algemeenste rede waarom mense dit oorweeg om vegetariërs te word met gesondheid en bewustheid te doen. Studie oor die gesondheidseffek van vegetariese diëte het gemengde resultate oor mortaliteit. Een oorsig het 'n verlaging in die algehele risiko van alle-oorsaak-mortaliteit bevind, kanker (behalwe bors-) en kardiovaskulêre siekte; ...

30wpm

35wpm

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2: REKENAARBEGRIPPE EN LÊERBESTUUR

INSTRUKSIES:

1. Herwin die dokument wat as VRAAG 2 in die studentelêerhouer gestoor is.
2. Antwoorde op die vrae moet in die ruimtes wat in hierdie antwoordblad verskaf is, ingesleutel word.
3. As 'n kopskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER in. (1)
4. Stoor en druk die antwoordblad nadat jy die antwoorde voltooi het. (1)

2.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Tik slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.8) in die ANTWOORDBLAD.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Skootrekenaarstasie	A	interpreteer en voer instruksies in die rekenaar uit
2.1.2	Veiligheid	B	verwyderbare media wat geskik is om data en musiek te stoor
2.1.3	Sleutelbord	C	'n manier om ergonomie in 'n kantoor te akkommodeer en verbeter
2.1.4	SVE ('CPU')	D	vertoon data op 'n skerm
2.1.5	Werkstasies	E	'n situasie wat vry is van gevaar en besering
2.1.6	Virus	F	in groot kantore behoort dit in dieselfde rigting te wys
2.1.7	Monitor	G	algemeenste toevoertoestel
2.1.8	Kompakskyf	H	versprei deur lêers van die internet af te laai

(8 × 1) (8)

2.2 Noem VIER veilige ergonomiese praktyke wat in die werkplek toegepas kan word.

(4 x 1) (4)

2.3 Drukkerinkkassette is baie belangrik om te verseker dat 'n drukker doeltreffend gebruik word.
Noem TWEE goed wat nagegaan kan word indien 'n drukker nie korrek druk nie. (2)

2.4 Verduidelik die verskil tussen 'n *lêer* en 'n *omslag* (*folder*). ☆ (2 × 2) (4)

2.5 Maak die hoofomslag, SPYSKAART, uit die STUDENTELÊERHOUER oop en volg die instruksies. (1)

2.5.1 Hernoem die subomslag, MIDDAGETE, na BESPREKINGS. (2)

2.5.2 Maak die BESPREKINGS-omslag oop en skrap die lêer, REGISTER. (2)

2.5.3 Skep 'n MS Excel-sigblad, PRYS, in die BESPREKINGS-omslag. (2)

2.5.4 Maak die ONTBYT-omslag oop en skuif die RSVP-lêer na die BESPREKINGS-omslag. ☆ (2)

2.5.5 Maak 'n skermdruk van die BESPREKINGS-vouer en plak dit in die ruimte wat in die antwoordblad daarvoor verskaf is. (1)

2.5.6 Skep 'n sigbladlêer met die naam, GASTE, in die ONTBYT-omslag. (2)

2.5.7 Verander die aansig van die ONTBYT-omslag na DETAILS. (2)

2.5.8 Skep 'n skermdruk van die ONTBYT-omslag en plak dit in die ruimte wat in die antwoordblad daarvoor verskaf is. ☆ (1)

2.5.9 Skep 'n subomslag met die naam AANDETE in die hoofkieslys (*main menu*). (2)

2.5.10 Maak 'n skermdruk van die SPYSKAART-omslag en plak dit in die ruimte wat in die antwoordblad daarvoor verskaf is. (1)

2.5.11 Druk VRAAG 2 en plaas die drukstuk in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

☆ **[40]**

VRAAG 3: OMSENDBRIEF

INLIGTING: Mnr. Zwane het jou versoek om die volgende omsendbrief oor die geskiedenis van veganiste aan die verskillende belanghebbers te stuur.

DOKUMENT:	Omsendbrief	**LETTERTIPE:**	Courier New 12
REËLAFSTAND:	Enkel	**KANTRUIMTES:**	
		Links:	1”/2.54 cm
PAPIER:	A4-portret	Regs:	1”/2.54 cm
TYDTOEWYSING:	40 minute	**BELYNING:**	Links/Af
PUNTE:	60	**WOORDBREKING:**	Af

1. Herwin die dokument wat as VRAAG 3 in die STUDENTELÊERHOUER gestoor is.

2. As 'n voetskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER en die VRAAGNOMMER teen die regterkantruimte in.

3. Stoor die dokument as VRAAG 3.

4. Druk die dokument en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

Omsendbrief 02 van 20.. *bk/vetdruk/16 pt/voeg huidige jaar in*

╪ *tabelstop 0.59”/1.5 cm*

Aan: Alle Belanghebbers
Van: Bestuur } *d/s*
Datum: *Voeg vandag se datum voluit in*
╪

/ GESKIEDENIS VAN VEGANISTE & VEGETARIËRS */bk/sentreer/vetdruk/14 pt/voluit*

Tikster: Rangskik die paragrawe in numeriese volgorde

╪
2. ╫Veganisme is 'n ekstreme vorm van vegetarisme, & hoewel / term in 1944 geskep is, kan / begrip van die vermyding van vleis na die antieke Indiese & oostelike Mediterreense samelewings teruggespoor word. **[**1. vegetarisme is die eerste keer deur / Griekse filosoof & wiskundige, Pythagoras van Samos, teen ongeveer 500 VHJ genoem. **[**4. ╫Tuberkulose is die vorige jaar in 40% van Brittanje se suiwelkoeie ~~en diere~~ gevind, en Watson het dit tot sy vorodeel gebruik deur voor te hou dat dit bewys dat die veganistiese leefstyl mense teen bederfde voedsel beskerm. ╪ */vetdruk/NP NP /skrap/sp*

~~eintlik~~

[3. ǂDie vleislose leefstyl het nooit ~~werklik~~ in die Weste posgevat nie, hoewel dit somtyds tydens gesondheidsgiere en herlewing religieuse na vore gekom het. ~~Die Ephrata-klooster, 'n streng religieuse sekte wat in 1732 in Pennsylvania gestig is, het vegetarisme voorgestaan — asook seksuele onthouding.~~ */stet /trs/skrap*

ǂ

5.ǂDie eerste vegetariese vereniging is in 1847 in Engeland gestig. 3 jaar later het Eerw. Sylvester Graham, die uitvinder van Graham-beskuitjies, die medestigter van die American Vegetarian Society geword. [In November 1944, het 'n Britse skrynwerker, met die naam Donald Watson, aangekondig dat hy 'n nuwe term, "veganis" gaan skep om mense wat anders as vegetariërs, nie suiwel & eiers eet nie, te benoem. */voluit /NP /kursief /loop aan /voluit*

ǂ

Dankie vir u ondersteuning.

ǂ

ǂ

Zwakele Zwane [Direkteur

Voeg vandag se datum in dalende volgorde in *vertoon korrek*

[60]

VRAAG 4: PARAGRAWE

INLIGTING: Sleutel die volgende inligting in. ☆

DOKUMENT:	Paragrawe	**LETTERTIPE:**	Courier New 12
REËLAFSTAND:	Enkel	**KANTRUIMTES:**	
		Links:	1”/2.54 cm
PAPIER:	A4-portret	Regs:	1”/2.54 cm
TYDTOEWYSING:	25 minute	**BELYNING:**	Links/Af
PUNTE:	40	**WOORDBREKING:**	Af

1. As 'n voetskrif, sleutel jou EKSAMENNOMMER en die VRAAGNOMMER teen die linkerkantruimte in.
2. Stoor die dokument as VRAAG 4. ☆
3. Druk die dokument en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

Word 'n vegetariër */bk/vetdruk/14 pt*

Mense word om baie redes vegetariërs, wat gesondheid, religeuse oortuigings, */sp*
bekommernis oor diere se welsyn of / gebruik van antibiotikum & hormone in lewende hawe */voluit*
insluit, of 'n behoefte om op so 'n manier te eet om die oormatige gebruik van
omgewingshulpbronne te vermy. [Sommige mense volg 'n vegetariese dieet */NP*
mense volg 'n vegetariese dieet hoofsaaklik omdat hulle nie vleis kan bekostig nie.

☆

Deesdae word plantgebaseerde diëte nie net as voldoende ~~beskou~~ herken nie, maar ook */stet*
as 'n manier om / risiko van baie */loop aan*
siektes chroniese te verminder. */trs*

Volgens / american dietetic association, bied “behoorlik beplande vegetariese */bk/vetdruk*
diëte", wat algehele vegetariese of veganistiese diëte insluit, voldoende voedingstowwe. */enkel r/a*
Behoorlik beplan is die beslissende term, tensy jy aanbevoole ☆ */kursief/sp*
riglyne oor voeding volg. Dit is ook kritiek om versadigde en transvette met goeie
vette te vervang, soos dié in neute, olyfolie en kanola-olie.

[40]

VRAAG 5: WOORDVERWERKING 70 PUNTE

INLIGTING: Mnr. Zwane het versoek dat jy met die redigering van die volgende dokument help.

INSTRUKSIES:

5.1 Herwin die dokument wat as VRAAG 4 gestoor is en verander die vraagnommer in die voetskrif na VRAAG 5. (2)

5.2 Voeg 'n bladsybreuk aan die einde van die dokument in. (1)

5.3 Kopieer die inhoud van bladsy 1 na bladsy 2. (2)

5.4. Redigeer die inhoud van die dokument soos hier onder aangedui is:

5.4.1 Verander die hele dokument na volle justering. (2)

5.4.2 Verander die lettertipe en -grootte van die dokument na Arial 12. (2)

5.4.3 Voeg bladsynommers regs bo in die dokument in. (2)

5.4.4 Voeg die kopskrif soos hier onder aangedui is, een reël onder die bladsynommer in Arial 8 pt, vetdruk en linksbelyn in. (4)

"Die praktyk van die onthouding van vleis"

5.4.5 Verander die opskrif, 'Word 'n vegetariër', na 18 pt, sentreer en onderstreep. (3)

5.4.6 Verander paragraaf 1 na 1.5-reëlafstand en voeg 'n raam van 3 pt in. (2)

5.4.7 Verander paragraaf 2 na kursief en sentreer. (2)

5.4.8 Keep paragraaf 3 links en regs in by 0.78”/2 cm. (2)

5.4.9 Verander die opskrif 'Volgens die ... vereniging' na onderstreep. (1)

5.4.10 Skep nuwe paragrawe soos aangedui met dubbelreëlafstand tussen paragrawe. (2)

5.4.11 Gebruik kolpunte van jou keuse vir die paragrawe in Vraag 5.4.10 teen 0”/0 cm belyn en behoorlik ingekeep. (2)

5.4.12 Voeg die nuwe paragraaf in soos aangedui is in bokas, vetdruk, regsbelyn, kursief en 16 pt. (4)

5.4.13 Skrap die opskrif, "Word 'n vegetariër" (1)

Kopiereg voorbehou

5.4.14 Voeg die opskrif, "REDES WAAROM MENSE VEGETARIËRS WORD", in bokas in. ☆ (1)

5.4.15 Verander die opskrif na *Heading style 1*. (2)

5.4.16 Skrap die komma na die sin, "Mense ... vegetariërs," en voeg die dubbelpunt in soos aangedui is. (2)

5.4.17 Verander die sin, "Mense ... rede:" na *Heading style 2*, onderstreep en kursief. (3)

5.4.18 Voeg nuwe paragrawe met dubbelreëlafstand tussen paragrawe in. ☆ (2)

5.4.19 Skrap die teks soos aangedui is. (1)

5.4.20 Nommer die nuwe paragrawe en keep dit behoorlik in. (2)

5.4.21 Verander die paragraaf soos aangedui is na enige *outline text effect* en sentreer die paragraaf. (3)

5.4.22 Voeg die nuwe paragraaf soos aangedui regsbelyn en kursief in. (3)

5.4.23 Druk die dokument. (1)

5.4.24 Stoor die dokument as VRAAG 5. ☆

WORD 'N VEGETARIËR *18 pt, sentreer, onderstreep*

Mense word om baie redes vegetariërs, wat gesondheid, religieuse oortuigings, bekommernis oor diere se welsyn of die gebruik van antibiotikum en hormone in lewende hawe insluit, of 'n behoefte om op so 'n manier te eet om die oormatige gebruik van omgewingshulpbronne te vermy.

1.5 reël-afstand 3 pt-raam

Sommige mense volg 'n hoofsaaklik vegetariese dieet omdat hulle nie vleis kan bekostig nie. *kursief, sentreer*

Deesdae word plantgebaseerde diëte nie net as voldoende beskou nie, maar ook as 'n manier om die risiko van baie chroniese siektes te verminder. *keep par. links en regs 0,78"/2 cm in*

Volgens die American Dietetic Association; *onderstreep* [bied **"behoorlik beplande vegetariese diëte"**, wat algehele vegetariese of veganistiese diëte insluit, voldoende voedingstowwe. [**Behoorlik beplan** is die beslissende term, tensy jy aanbevole riglyne oor voeding volg. [Dit is ook kritiek om versadigde en transvette met goeie vette te vervang, soos dié in neute, olyfolie en kanola-olie.

☆ *NP Gebruik enige kolpunt en keep in by 0,31"/ 0,8 cm*

Dit is belangrik om porsiebeheer te gebruik, voedseletikette te lees en gereeld aan fisiese aktiwiteit deel te neem. ☆

bokas, vetdruk, regsbelyn, kursief, 16 pt

---------- *bladsybreuk* ----------

~~**WORD 'N VEGETARIËR**~~ *skrap*

REDES WAAROM MENSE VEGETARIËRS WORD *bk, heading style 1*

ǂ ☆

Mense word om baie redes vegetariërs *heading style 2, o/streep, kurs.*

[wat gesondheid, [religieuse oortuigings, [bekommernis oor diere se welsyn ~~of die~~ [gebruik van antibiotikum in lewende hawe insluit, [of 'n behoefte om op so 'n manier te eet om die oormatige gebruik van omgewingshulpbronne te vermy.

NP Voeg syfers met 2 letter-spasies in

ǂ

~~Sommige mense volg 'n vegetariese dieet hoofsaaklik omdat hulle nie vleis kan bekostig nie.~~

ǂ

Deesdae word plantgebaseerde diëte nie net as voldoende beskou nie, maar ook as 'n manier om die risiko van baie chroniese siektes te verminder. *outline text effect, sentreer*

ǂ ☆

~~Volgens die American Dietetic Association; bied **"behoorlik beplande vegetariese diëte"**, wat algehele vegetariese of veganistiese diëte insluit, voldoende voedingstowwe. **Behoorlik beplan** is die beslissende term, tensy jy aanbevole riglyne oor voeding volg. Dit is ook kritiek om versadigde en transvette met goeie vette te vervang, soos dié in neute, olyfolie en kanola-olie.~~

☆

Verskeie studies het getoon dat 'n vegetariese dieet een van die mees doeltreffende is om gesondheid te handhaaf. – scopeblog.standford.edu *regsbelyn, kursief*

(70)

VRAAG 6: SIGBLAAIE **PUNTE: 70**

Gebruik Arial of Calibri 12 pt om die sigblad in MS Excel te skep.

VRAAG 6A **PUNTE: 25**

6.1 Sleutel jou EKSAMENNOMMER en VRAAG 6A in die kopskrif teen die linkerkantruimte in:

EKSAMENNOMMER
VRAAG 6A

6.2 Sleutel die sigblad in presies soos dit hier onder uiteengesit is en moenie ry- en kolomopskrifte insleutel nie.

6.3 Vertoon die PRYS as syfers (*number*) met 2 desimale en EENHEDE as heelgetal (*integer*).

6.4 Pas die kolomwydtes aan sodat die inhoud in elke kolom inpas. Kolomme wat te groot is sal gepenaliseer word.

6.5 Druk die sigblad in A4-portretoriëntasie en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.

6.6 Stoor die sigblad as VRAAG 6A.

	A	B	C
1	VEGANISTE EDMS. (BPK.)		
2	Voorraadlys vir Julie 2022		
3			
4	ITEMS	PRYS	EENHEDE
5	BURGERS		
6	Tradisioneel	73.40	25
7	Geurig	61.01	16
8	Hawaiise	48.50	18
9	Hoender	72.40	19
10	WORSE		
11	Tradisioneel	39.20	17
12	Tamatie	38.40	14
13	Snoep	48.50	18
14	Vryloop	77.50	22

VRAAG 6B **PUNTE: 45**

6.7 Herwin die sigblad wat as VRAAG 6A gestoor is. Verander die vraagnommer in die kopskrif na VRAAG 6B. (1)

6.8 Redigeer die sigblad soos hier onder en in die illustrasie op die volgende bladsy aangedui is.

6.8.1 Verander die lettertipe van die hoofopskrif na Britannic Bold 22 pt. (1)

6.8.2 Voeg saam en sentreer die opskrif in Ry 1 oor kolom A–D. (2)

6.8.3 Voeg oop rye in soos op die volgende bladsy aangedui is. (2)

6.8.4 Voeg saam en sentreer die opskrif in Ry 3 oor kolom A–D. (2)

6.8.5 Verander die opskrif in Ry 3 na vetdruk, kursief en 16 pt. (2)

6.8.6 Voeg 'n nuwe kolom met teks is soos aangedui is. (1)

6.8.7 Verander die kolomopskrifte na 14 pt, vetdruk, gesentreer en onderstreep. (2)

6.8.8 Voeg die teks in soos in Sel A12, A19 en A21 aangedui is. (3)

6.8.9 Formateer die PRYS-kolom na currency met 2 desimale. (2)

6.8.10 Belyn die inhoud van selreeks B8:D21 in die middel. (2)

6.8.11 Verander die inhoud van A7 en A14 na vetdruk en regsbelyn. (2)

6.8.12 Gebruik formules om die volgende te bereken:

A – INKOMSTE = PRYS X EENHEDE (2)

B – TOTAAL BURGERS = SOM VAN INKOMSTE (1)

C – TOTAAL WORSE = SOM VAN INKOMSTE (1)

D – GROOTOTAAL = TOTAAL BURGERS + TOTAAL WORSE (1)

6.8.13 Kopieer die formule soos op die volgende bladsy aangedui is. (1)

6.8.14 Gebruik rame (*borders*) in die sigblad soos in die illustrasie op die volgende bladsy aangedui is. (2)

Kopiereg voorbehou

6.8.15 Verander die ryhoogte van Ry 21 na 30.60 (51 beeldelemente). ☆ (2)

6.8.16 Verstel die kolomwydtes sodat die inhoud van elke kolom inpas. Kolomme wat te groot is sal gepenaliseer word. (1)

6.8.17 Druk die werkboek in portretoriëntasie en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG. (2)

6.8.18 Stoor die werkboek as VRAAG 6B.

☆

	A	B	C	D
1	VEGANISTE EDMS. (BPK.) *voeg saam en sentreer, Britannic Bold 22 pt*			
2	**oop ry**			
3	Voorraadlys vir Julie 2022 *vet, kursief, voeg saam en sentreer, 16 pt*			
4	**oop ry**			
5	**oop ry**			
6	ITEMS ☆	PRYS	EENHEDE	✗ INKOMSTE
7	BURGERS			
8	Tradisioneel	73.40	25	**A**
9	Geurig	61.01	16	
10	Hawaiise	48.50	18	
11	Hoender	72.40	19	
12	✗ TOTAAL BURGERS *bokas, vetdruk, regsbelyn*			**B**
13	**oop ry**			
14	WORSE *vetdruk, regsbelyn*			
15	Tradisioneel	39.20	17	**A**
16	Chakalaka	38.40	14	
17	Snoep	48.50	18	
18	Duits	77.50	22	
19	✗ TOTAAL WORSE *bokas, regsbelyn, vetdruk*			**C**
20	**oop ry** *verander kolom B na geldeenheid (currency) met 2 desimale*			
21	✗ GROOTTOTAAL *bokas, vetdruk, regsbelyn*			**D**
22				

vetdruk, sentreer 14 pt,

Sentreer getalle in kolom B en C

☆

[70]

TOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou